
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

Gee my dan nou hierdie bergland (Jos. 14:12)

In Josua 14:6 –15 lees ons van die Bybelgeskiedenis oor die Israeliete se aankoms in Kanaan, nadat hulle 40 jaar in die woestyn rondgeswerf het. Hulle is besig om die Beloofde Land in besit te neem en die Kananiete te verdryf. Ons tref hier vir Kaleb aan, 'n 85-jarige man met 'n begeerte in sy hart **om dit in besit te neem wat regmatig aan hom behoort!**

Vir ongeveer 5 jaar het Israel in Kanaan veldtogte onderneem om die landstreek te oorweldig, en die tyd het aangebreek om hierdie Land van Belofte en Erfenis te verdeel onder die verskillende stamme, gesinshoofde en families totdat elke persoon die stuk land het wat Moses reeds afgemerk het, etlike jare tevore. Ons onthou vir Kaleb as een van die 12 verspieders wat ongeveer 45 jaar gelede die land Kanaan gaan verspied het vir die volk van Israel, en dat dit slegs hy en Josua was wat met 'n positiewe, moedige verslag teruggekom het oor wat hulle daar aangetref het. Die ander 10 verspieders was vol vrees en twyfel en het vertel van die "onoorwinlike REUSE" wat in die land gewoon het. Toe was Kaleb 40 jaar oud – nou is hy 85 jaar ou, maar hy is nog vasbeslote om te neem wat Moses destyds aan hom belowe het, en hy sê die volgende: **… die Here het my laat lewe, soos Hy gespreek het, sou al vyf-en-veertig jaar sedert die Here hierdie woord met Moses gespreek het toe Israel in die woestyn getrek het, en kyk nou, ek is vandag 85 jaar oud; Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het … GEE MY DAN NOU HIERDIE BERGLAND waarvan die Here daardie dag gespreek het …**



"Maar ons gaan hierdie BERG nie probeer skuif nie, maar dit INNEEM, OORWELDIG ons gaan die REUSE wat dit beset, verdryf. Dis wat Kaleb gedoen het, want dit was hierdie reuse, die seuns van Enak, wat soveel vrees in die Israeliete se harte gewek het."

Hoe kan JY die BERG neem wat daar in jou lewe is? Kom ons gebruik Kaleb vandag as voorbeeld en sien watter plan die Here ook vir JOU en my lewens het om te oorwin. Ons was al geleer hoe om die BERG te skuif deur die gelowige belydenis van ons mond, volgens Mark. 11:23: **Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg Sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar GLO dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.**

Maar ons gaan hierdie BERG nie probeer skuif nie, maar dit INNEEM, OORWELDIG ons gaan die REUSE wat dit beset, verdryf. Dis wat Kaleb gedoen het, want dit was hierdie reuse, die seuns van Enak, wat soveel vrees in die Israeliete se harte gewek het. Die 10 verspieders van destyds het teruggekom met die volgende verslag: **Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning … Maar die volk wat in die land woon, is sterk … Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë.** (Num. 13)

Nou het Kaleb teruggekom na baie jare, en hy het die reuse verdryf en SY ERFENIS IN BESIT GENEEM. Kaleb het egter die vesting van die vyand NEERGEWERP en sy erfenis IN BESIT GENEEM, en dis presies wat die Here verlang wat ek en jy moet doen. As Kaleb dit kon regkry, waarom nie ons nie?!

Let op watter soort landstreek Kaleb gekies het om in besit te neem – dit was nie 'n *maklike* stuk land om in besit te neem nie! Ons lees dat hy Hebron wou gehad het: die BERGLAND! Toe hy 40 jaar oud was en hy saam met die verspieders Kanaan binnegedring het, het hy die bergland met die reuse inwoners gesien, en dit het sy hart gesteel. Hierdie bergland van Hebron was die sterkste vesting wat die reuse destyds gehad het. Vir Israel was dit ook 'n besondere betekenisvolle plek want dit was hier waar Vader Abraham sy tent opgeslaan het en die beloftes van God oor die land Kanaan ontvang het. Die Here het aan Abraham daardie land belowe – sover as sy oog kon sien. By Hebron het Abraham sy tent opgeslaan, 'n altaar gebou en God aanbid. Dit was 'n plek waar God Abraham ontmoet het en met hom 'n verbond gesluit het vir die volk van Israel: daar het God en Abraham saam verkeer. Maar die vyand het Israel daar weggehou, net soos die vyand sal probeer om JOU weg te hou van jou erfenis, van jou gemeenskap met die Here. Die vyand sal sy beste probeer om jou teë te gaan – dis daar waar die stryd die hewigste sal wees!

Dit mag miskien juis ook JOU berg wees: daardie plek van volgehoue gemeenskap met die Here – die hoë plekke. In Kanaan was dit net só: die vyand het van die vlaktes prys gegee, en van die valleie, maar nie die berge

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Gee my dan hierdie bergland…)
nie, nie die hoë plekke nie. So kry 'n mens oor baie areas in jou lewe oorwinning: jy verdryf Satan en sy trawante en jou kleiner probleme is opgelos. Maar wat van daardie groot sake – die berge? Dis van hulle wat ons praat: hulle moet in besit geneem word – die vyand moet daaruit verdryf word.

Miskien is die berg in jou lewe wat jy moet in besit neem, die berg van genesing en gesondheid. Jy is al vir baie jare siek en dit het tyd geword dat jy daardie berg *in neem!* Vandag staan daardie berg van genesing steeds voor jou soos 'n groot uitdaging – en dit is presies wat dit is: 'n uitdaging vir jou geloof! Jy ken die beloftes van die Here, jy weet wat die Woord sê, **maar om een of ander rede het dit nog nooit vir jou 'n werklikheid in jou lewe geword nie.**

Miskien is jou berg die een van voorspoed. Jy is al jare 'n gevangene van finansiële probleme en daarom is dit nodig dat jy daardie berg in besit neem. Miskien het jy 'n berg van vrede: jou gemoed word aangeval deur angs, vrees en bekommernis en dit is nodig dat jy die vrede van die Here in besit neem. Hy het mos vir jou daardie vrede belowe en jy moet dit in besit neem! Miskien het jy nodig om die vreugde van die Here in besit te neem: dit lê soos 'n berg voor jou. Depressie en terneergedruktheid is elke dag jou voorland. Dit het tyd geword dat jy daardie reuse verdryf!

Só het elkeen 'n berg – 'n probleem op 'n ander gebied en net soos die berg Hebron voor Kaleb gelê het, só lê jou berg voor jou. Maar, Moses het Hebron aan Kaleb belowe, daarom het dit aan hom behoort! Net só het Jesus gesondheid, genesing, voorspoed, vreugde, moedigheid aan jou belowe, daarom behoort dit aan jou! Al hierdie dinge is in die Woord aan jou belowe, daarom is hulle jou regmatige erfenis! En soos 'n Kaleb van ouds het die tyd aangebreek om in te gaan en vasbeslote die vyand te verdryf, en die berg in besit te neem, in die Naam van Jesus.

Let daarop dat Kaleb 'n baie sterk begeerte gehad het vir die berg Hebron. Hy het dit gesien en begeer vir 45 jaar lank. Vir 40 jaar moes hy saam met die Israeliete in die woestyn rondswerf, maar daardie berg was steeds 'n sterk begeerte in sy hart en in sy gedagtes: hy het nooit hierdie begeerte prysgegee dwarsdeur die 45 jaar nie! Ek weet egter dat juis hierdie een van die redes is waarom baie van die Here se kinders nie Sy beloftes in besit neem nie; waarom dit nie vir hulle 'n lewende werklikheid in hulle lewens word nie. Dis omdat hulle dikwels nie 'n in – tense begeerte het nie. O ja, hulle dra kennis daarvan: jy het al lysies van die Here se beloftes gemaak en dit van buite geleer, want jy weet dit is jou erfenis. Maar is daar 'n intense begeerte by jou daarna? Is daar by jou 'n intense vasbeslotenheid wat sê: "Ek weet dit staan in die Woord; ek weet dit behoort aan my en ek wil dit hê en ek gaan nie opgee voordat ek dit besit nie!"

Passiwiteit het 'n sterk houvas op menige van die Here se kinders, selfs in die kerk: as dit wat jy wil hê nie amper soort van nou gebeur nie, gee jy moed op! "Dalk is dit nou net nie my deel nie. Miskien werk die Here maar iets anders uit in my lewe" – só redeneer ons dikwels. Nee! Onthou, as dit in die Woord geskrywe staan, behoort dit aan jou, maar JY moet dit begeer!

Matt. 11:12: **Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat HULLE KRAGTIG INSPAN, kry dit in besit.** (Nuwe Afr. Bybel-vertaling 1983)

Wie, volgens die voorafgemelde teksies, kry die hemelse koninkryk – die beloftes van die Here – in besit? Diegene wat hulle kragtig inspan met intense begeerte beywer: **Dis 'n gesindheid van "ek sal nooit opgee nie"!** Dit maak nie saak hoe lank dit neem nie – al neem dit selfs 45 jaar – dit staan in die Bybel en daarom behoort dit aan my!

Hoe dikwels kom mense nie na ons toe met die versoek dat ons vir hulle moet hande oplê en bid om iets aan hulle oor te dra. As daar nie dadelik plaasvind wat hulle verlang het nie, gaan hulle baie ontmoedig weg. Maar as hulle kom met daardie sterk begeerte, het hulle ontvang dit waarvoor hulle gevra het – miskien toe, miskien later, maar hulle ontvang! Dis die wet van die Here se Woord! Baie keer het ons nie daardie intense begeerte nie. Nee, ons het 'n "plan A" en 'n "plan B", en nou maak ons soos volg:

"Here, ek het R1000 dringend nodig" Dis ons behoefte. Ons bely ons geloof, herhaal al die Skrifbeloftes oor voorsiening, en kom al die formules na wat ons geleer het. Dis "plan A".

"Maar Here, U weet ek het daardie geld voor die einde van die maand nodig. As u dit nie vir my teen daardie tyd laat kry nie, kan ek darem nog van die oortrokke-rekening fasiliteite by die bank gebruik maak." Dis "plan B."

Ek sien hier bitter min van 'n intense begeerte of 'n volhardende vasbeslotenheid om die vyand te verdryf en die berg in besit te neem!

Nog 'n voorbeeld: "Ek sal maar gaan vir gebed vir hierdie aanhoudende pyn in my bene. Word ek nie genees nie kan ek altyd dokter tog gaan." Plan A en plan B.

Daar is niks verkeer met 'n besoek aan die dokter nie, maar daar is geen intense begeerte of desperaatheid in ons harte as ons kom om van die Here die waarmaking van Sy Beloftes te ontvang nie. Kaleb het daardie begeerte gehad, daarom kon hy die berg in besit neem. Sy gesindheid was: Al moet ek 45 jaar wag, ek gaan Hebron kry!

Kaleb het 'n onwankelbare geloof in die beloftes van die Here gehad. Hy het geweet Kanaan was aan die Israeliete belowe en berg Hebron aan hom. Hy was van die begin af nie oos die 10 verspieders wat met sulke ontmoedigende verslae na Moses toe gekom het nie "Daar is volop, MAAR daars reuse …" Woorde soos *maar, miskien, as, nieteenstaande* – is só volop in baie mense se woordeskat. "Ek weet die Here se beloftes sluit genesing in, *maar as* …" Toe Josua en Kaleb teruggekom het van Kanaan af het hulle die volk probeer aanmoedig om die Here te glo en te vertrou: hulle het na die Here gekyk. Josua en Kaleb het die berge en reuse as baie klein gesien in vergelyking met Hom, alhoewel hulle nie gesê het dat hulle nie bestaan nie. Hulle maatstaf was die Here se krag, nie hulle eie nie. Hulle was gereed om op Hom te steun. Maar die 10 ander se maatstaf was hulle eie krag: hulle het 'n klein Here gesien en groot reuse! Maar in vergelyking met Hom is alle reuse, en selfs berge, klein. En afgesien van die volk se murmureringe en ongeloof het Kaleb se geloof onwrikbaar gebly in Sy Woord wat aan hulle die land Kanaan en berg Hebron beloof het. Hy was ver in die minderheid, maar hy het die versoeking weerstaan om soos die massas te glo, wat eintlik ongeloof was.

Let op, almal was vol twyfel, verwarring. Hulle het seker onder mekaar gesê: "Die Here het ons in die steek gelaat. Dis onmoontlik om die land in te neem." Josua en Kaleb het egter onwrikbaar vasgestaan en laat ons kyk na Kaleb se beloning uit die Here se Hand wat Kaleb se geloof geëer het: **Maar my kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem.** (Num 14:24)

Vir 45 jaar het hierdie geloof, vertroue en begeerte in Kaleb gebrand. Hy was nou 85 jaar oud, maar steeds het hy intens verlang en hy was nog opgewasse om die reuse en die berg aan te val en dit in besit te neem.

'n Baie belangrike eienskap wat Kaleb se geloof gehad het was geduld – lankmoedigheid – lydsaamheid.

Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. volharding is wat

(Vervolg op Bl. 6)

Retaining the blessings of the Lord

We are well aware of the fact that Satan is the cause of all sickness and unhappiness in the life of man. He is after all the enemy of mankind. The day you become born again, or receive healing from Lord, Satan will double his attacks, as his aim has always been to break down and to try to destroy you. The Bible makes this abundantly clear in **John 10 verse 10: The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have *it* more abundantly,** and we read in I John 3:8: **For this purpose the Son of God was manifested, that he might destroy the works of the devil.**

That is why we do not have to fear however, as the Lord also assures us in I John 4:4: **You are of God, little children, and have overcome them, because He** (Jesus) **who is in you is greater that he** (devil) **who is in the world.** We can also therefore, ward off these attacks and resist the enemy much more effectively when we are prepared and know his strategy and tactics. His aim is to try to break your faith in the Lord and His Word, and he does this through opposing His promises to us in the Bible. He knows that if he can get you to loose faith, he has achieved his purpose. Satan will attack through lying symptoms, bringing doubt and unbelief, and cause us to question whether the Lord has really healed us, or is actually busy healing us. Be warned ahead of time, and be ready to resist him and his every attempt to undermine your faith. You must be watchful, pray continuously and do not be careless about your Spiritual life. Do not give place to the devil or open a door to him.

Our Spiritual weapons in this Spiritual battle are:

1. The Name Jesus Christ (Mark. 16:17)
2. The Blood of the Lamb—Jesus Christ (Rev. 12:11& Phil. 2:10)
3. The Word (1 Joh. 2:14 and Eph. 6:17)Jesus Christ - Living Word
4. Praising the Lord (Ps. 22:4 and Ps. 149:5)
5. Praying in the Spirit (Eph. 6:18 and Rom. 8:26)
6. The belt of Truth (Eph. 6:14)
7. The Breastplate of Righteousness (Eph. 6:14) Jesus our Righteousness.
8. Preparation of the Gospel of peace in Jesus Christ as shoes on your feet (Eph. 6:15)
9. The shield of Faith (Eph. 6:16)
10. The helmet of salvation (Eph. 6:17)

Exercise your faith by using these weapons to resist the enemy, and the devil will flee. James 4:7: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.** Our book "Know your Enemy" deals more fully with this subject. Tell others what the Lord has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. The Bible tells us that we overcome the enemy by the Blood of the Lamb and by the word of our testimony (Rev. 12:11), and when we declare the mighty works of our Lord Jesus, and testify of our healing, He will honour our faith in Him.

We have already discussed that our bodies are the temple of the Lord Jesus, and He expects us to care for our bodies sensibly, keeping them fit by eating a well balanced diet, by exercising and having sufficient rest and recreation. We cannot blame Jesus if sickness reoccurs because we have been negligent concerning our health. We often take our healthy body for granted, but a healthy body is a great blessing and we should care for it.

Once you have received healing, keep your eyes on His promises and not on your symptoms. Once again read James 1:6-7 where the Bible commands us not to doubt. Sickness and pain are very real, but when we are believing the Lord and His promises for divine healing, it is not a matter of what we feel or see, but what we believe. If you are in pain, and you have asked Jesus to heal you, believe that the pain will go. Your confession of faith is in Him and His ability, and is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise the Lord, His Word says in

(Continued on page 4)

"Tell others what the Lord has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. "



(Continued from page 3 - Retaining the blessings…)

1 Pet. 2:24: **By His stripes I am healed!** and in 2 Cor. 5:7 it says that we walk by faith and not by sight, therefore, according to the Bible, I believe I am healed, and I am progressing well".

Continue in faith, according to His Word, until the pain or illness disappears completely, believing that He will heal as promised. We read in Hebrews 10:35-36: **Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul.**

An illustration of this truth may help you better understand it's application. I used to grow orchids and anthuriums and these beautiful flowers brought a lot of joy to many people, they were really beautiful to behold and one could see the Lord's wonderful creation before one's very eyes. Now if I were to say to you, I am going to send you a large box of orchids as a gift, what would your reaction be? Your immediate response would be, thank you doctor James, what a wonderful gift, I have never had a whole box of orchids given to me in my life! You would then start thinking about what to do with them when they arrived, what they will look like, with whom you will share them etc. This is a perfectly natural reaction, but think about it for a moment. You have believed my word when I promised you the orchids, you have demonstrated this belief or trust by thanking me immediately, even before you have received or seen them. You react this way at the word of a man, who can lie, yet the Lord gives us His Word, and the Bible tells us that He is not a man that He should lie, will He say it and is He not able to make it good? When we believe that we are going to receive a gift, our immediate reaction is one of gratitude and thanks

"Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul."
Hebrews 10:35-36:

-giving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this way when it comes to His promises especially concerning healing?

What about my medication, you may ask? People often ask me whether they must stop all medication as soon as they have asked the Lord for healing. I am a medical doctor, and I know that the Lord uses doctors and medicine to alleviate pain and suffering. I also know that Jesus did not frown upon doctors as Luke was a physician and one of His great disciples. Jesus did mention the woman in Mark 5:25-26, who had seen many physicians and had spent all her money, yet was no better for it, but He did not condemn her for this. We know that when medicine fails because of man's limited knowledge, Jesus is always able to heal completely and perfectly.

I suggest that when you have been prayed for, and you believe that Jesus has touched you, decrease your medication slowly as you wait upon the Lord, and continue to see your doctor who has attended to you thus far, so that he can monitor the fact that your healing has taken place or is taking place. Ask the Lord for wisdom, because as I always say, you do not need any more headache tablets when you no longer have a headache. You will know when your healing is been complete, and medicine is no longer necessary. Some advice to those who have suffered from epilepsy and diabetes, not to stop all medication abruptly, because your system has to adjust.

Should your healing not manifest immediately, realise that the Lord Jesus is working a divine healing in your body, and in time, as your faith in Him grows, and you continue to believe, you will reap the reward, as we read in Hebrews 10:35 and 36, until then the medicine serves to give you the support you need, and you can explain all this to the Job's comforters, who might say to you, "Oh I thought you were healed, why than are you still taking medication?" Remember, that if you need to take medication, this does not mean that you are lacking in faith. Your healing will take place as you continue to trust in the Lord. Healing was accomplished at the cross of Calvary and Jesus paid the price for those who will believe. (Mark 9:23) ☐



Here Jesus Doen Wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Groete in die wonderlike naam van Jesus. Ek het 'n hele ruk gelede gebed gevra vir Celeste. Sy was 16 weke verwagtend toe sy duitse masels opgedoen het. Haar dokter het dadelik voorgestel dat sy 'n aborsie moet ondergaan. Sy sal nie 'n normale baba hê as sy duitse masels gehad het nie. Hy het ook vir haar gesê dat haar baba doof of blind sal wees en heel moontlik brein skade hê. Sy en haar man is albei dierbare kinders van die Here en het geweier dat sy 'n aborsie ondergaan. Sy het vir my gesê dat sy nie die baba wat die Here in haar geplaas het, vermoor nie. Sy en haar man het albei hul vertroue in die Here geplaas. Hulle het geglo dat die Here vir hulle 'n perfekte normale baba gaan gee. Die klein engel, 'n seuntjie is die 12de Februarie 2009 gebore. Donderdag die 19de Februarie het sy my gebel om te sê dat toetse is gedoen. Daar is geen brein skade nie en die gehoor en ogies is absoluut volmaak. Prys die Here!! Al die eer, lof en aanbidding kom die Here toe. Ons dien waarlik 'n groot en wonderwerkende Here. As ons getrou is bly Hy getrou. Baie groete aan almal daar. Liefde

Mev J Vosloo, Kwelera

Ek het gevra vir gebed (namens haar ouma Corrie Janse van Rensburg) vir klein Carle Jordaan wat net 30% en 40% sig in haar ogies gehad het. Ek het vandag 'n SMSM gekry wat soos volg lees: "WONDERWERK, Carlè sien alles met vanoggend se toets! Gaan leesbril kry dat oë nie so moet word nie. Loof Jesus! Dankie gebede. Liefde Sandrie (dies nou die Mamma) Ons dien 'n wonderlike Here! Aan Hom al die lof en eer en dankie dat ek vir julle mag kontak vir gebede. Ons gebedsgroepie het ook Dinsdag ernstig vir Carlè ingetree en ons almal jubel en juig saam!! Liefde groete

Juliana Kleynhans, Robertson

Julle het vir my in 2006 gebid vir kanker en die Here het my genees!! Hy verander nooit!

Mev M Nyman, Vredendal Noord

Die 13 September 2008 het ek u geskakel omtrent my kleinseun Frikkie Hannekom, 20 jaar oud wat opgeneem is in Tygerberg hospitaal met 'n siekte wat veroorsaak word deur die sinus en 'n virus. Dit het versprei na sy brein en longe. Hy het 5 persent kans gehad om te lewe volgens die dokters. Maar u en al die gelowiges se gebede het hom na 4 maande en goeie sorg daar opgelig, gesond. Junie maand gaan hy weer aan met sy studies by die kollege in Tygerberg.

Marie Huysamen, Calvinia

Ek hou u op hoogte hoe dit gaan met klein Alex Retief, die seuntjie wat amper verdrink het Woensdag. Ek kan maar sê hy het verdrink, maar met die krag van die Here lewe hy weer! Toe hulle hom uit die swembad uitgehaal het, was hy blou van kop tot toon en sy pupille van sy oë was so vergroot dat dit soos twee donker gate in sy kop gelyk het, en sy oë was oop en daar was geen lewe nie! Hulle het met hom 30km na Durbanville hospitaal gejaag (hulle bly op 'n plaas) en op pad na die hospitaal het sy ma heeltyd CPR op hom gedoen. Sy het nie moed opgegee nie en verskriklik kalm gebly deur die hele proses (krag wat net van bo af kon gekom het). In tussentyd het my ma die bloed van Jesus oor hom gepleit en die Satan weerstaan. Ek was ook in 'n verskriklike geskokte toestand maar het ook probeer bid. En ons gebede is beantwoord! Op pad na die hospitaal het hy weer begin asemhaal! Die dokters het by die hospitaal gesê dat sy oë is soos die van 'n dooie mens wat verdink het en die pupille het eers 'n paar uur later na normaal begin terugkeer. Daarna het ons vir u gevra om te bid dat daar geen breinskade moet wees nie. Gisteroggend kon hy al eet en hy wil net gaan tatta. Nog 'n bietjie van balans af, maar op en wakker. Daar het bruin kolletjies op sy voorkop uitgeslaan en die dokter het gesê dat mense wat dood is dit kry! Dit is wonderwerk! Baie dankie vir julle almal.

Mev A Retief, Kaap

My seun vir wie u gebid het van Empangeni se kankerstelling is na onder normaal. Dankie vir ons Meester!! Hy is so gelowig en wil niks negatief hoor oor sy siekte nie. Baie dankie vir u en u span wat groot dinge vir ons en vir ons Here Jesus doen.

Petro, Bethlehem

Leon wat ek vir u gevra het om saam met my bid, het my gister gebel en gesê hy is volkome herstel van die kanker wat hy in die pankreas gehad het. Halleluja! Baie liefde en seënwense.

Chrissie van Rensburg, Bela-Bela

Eerstens wil ek vir u en u span baie dankie sê dat julle vir my gebid het. Ek het in my brief aan u voorbidding gevra vir die steek wat ek in my bors gehad het, en die pyn in my niere. Aan die Here al die eer. Hy het die wonders kom doen. Ek ervaar geen steek en pyn nie, die Here het my genees. Prys Sy Naam!!! Dr James, ek het in 2007 vir u voorbidding gevra vir my stiefpa wat so siek was. Die dokter het gesê hy het suikersiekte. Hy kon nie werk nie. Nadat u vir hom gebid het, is hy weer gesond en is weer terug by sy werk. Al die lof en al die eer aan die Here. Weereens baie dankie vir al u gebede. Groete in Christus.

Giel Cloete, Porterville

(Vervolg vanaf Bl 2 - Gee my dan hierdie bergland…)
julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het. (Heb:35 & 36)

Onthou, wanneer jy die Here se belofte ontvang, is jy eintlik maar by die beginpunt: stap nr. 11. Nou kom die tyd van volharding wat 5 weke of 5 jaar kan wees – vir Kaleb was dit 45 jaar. Ons lees in Heb. 10:36 dat ons volharding nodig het om die beloftes te ontvang.

Let op Heb. 6:12: … **sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.**

Geloof is nie lankmoedigheid (geduld en volharding) nie, en lankmoedigheid is nie geloof nie, maar albei is nodig om God se beloftes te ontvang. Dis wat die Bybel sê!

Net soos Kaleb het Abraham ook hierdie kwaliteit van volharding gehad om geduld te beoefen om die beloftes van God te ontvang. Abraham moes 25 jaar wag tot die belofte van 'n erfgenaam vir hom en Sara bewaarheid is. Daar was geen passiwiteit wat gesê het: "O wel, wat ookal moet gebeur, sal seker maar gebeur." Nee, daar was geloof en volharding.

EK vergelyk graag die Christelike lewe met 'n maratonwedloop – daar is nou vir jou volharding en vasbyt nodig! Dis seer voete en krampe en dors en hartkloppings, maar dis net diè wat volhard, wat die wenstreep haal en die medalje kry. Die Christelike lewe is beslis 'n *ontberings-wedloop.*

Dis slegs sulke vasberadenheid soos wat 'n maratonhardloper het, wat jou 'n suksesvolle Christen gaan laat wees. Jou hele denkpatroon moet daarop gerig wees om die wenstreep te haal, afgesien van hoe lank dit neem.

Nog 'n kwaliteit wat Kaleb gehad het was dat hy op die Here gewag het. Hoe weet ons dit? Lees eers Jos. 14:11: **Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, só is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.**

Dit was 'n man van 85 wat só gepraat het – hy het kans gesien vir die bergland en die reuse! Dis asof hy vir Josua gesê het: "Maat, moenie dat my ouderdom jou mislei nie. Ek is 'n jong man, soos toe ek 40 was, in my gees en in my liggaam! Gee nou vir my die bergland!" Kaleb het nie net verwys na geestelike krag nie, maar ook na fisiese krag – 'n wonderwerk moes beslis in Kaleb se liggaam gebeur het. Die belofte van die Here het beslis vir 45 jaar in sy hart gelewe en hy het glad nie omgegee hoe oud hy was nie, want hy het geweet die tyd het nou aangebreek dat hy moes in gaan en die berg in besit neem.

As Kaleb oorspronklik sy sin gehad het sou hy sekerlik al die berg en die vyand ingeneem het toe hy 40 jaar oud was, maar hy was gekeer deur die straf wat op die hele Israel gelê was waarvolgens hulle 40 jaar in die woestyn moes rondswerf.

Maar laat ons terugkeer na die aangrypende feit dat Kaleb op 85 jaar nog soveel krag gehad het soos op 40 jaar – wat was die geheim? Jes. 40:30 en 31: **Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs, Maar diè wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.**

Kan jy die gedagte hier sien van verandering –omruil? Ou lewenskrag omruil vir jong lewenskrag! Dis presies wat met Kaleb gebeur het, want hy was op 85 jaar só jonk soos 'n man van 40 jaar! Hoe dikwels hoor ons die volgende woorde: "My probleem is só groot en my kragte só min. Ek is só swak." Maar jy probeer in jou eie krag jou probleem oorwin, in plaas daarvan dat jy jou krag omruil vir die Here se krag. Dis Sy Krag wat oorwin – wat ons in staat stel om die berg in besit te neem. Dis Sy Krag wat ons laat volhard om Sy beloftes in ons lewens te verwesenlik.

Maar hoe het Kaleb hierdie nuwe krag gekry? Ons het dit gelees: **hy het op die Here gewag** (Jes. 40:31) Vir 45 jaar was die Here se belofte in Kaleb se hart – sy begeerte na Hebron het gegroei, en Kaleb het op Hom gewag. Ek glo dat in al daardie jare het hy daardie beloftes oordink, hulle geëet, hulle gedrink. Al die jare het hy op die Here gewag en in die proses sy krag omgeruil vir Sy Krag! Jy sien, geestelike krag affekteer jou liggaam. Genesing kom van binne, van jou gees af. Die Bybel sê dat dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, sal ook ons sterflike liggame lewend maak! (Heb. 8:11)

Ons kan dus beslis aanneem dat fisiese krag kom deur op die Here te wag. Dis wat Kaleb gedoen het vir 45 jaar – hoe lank wag jy op die Here? Wonder jy dus waarom jy op 'n vroeë leeftyd nie meer die krag het om langer die Here se beloftes te begeer en te volhard nie!

Ons wil mos alles nou hê! Ons lewe in die eeu van die knoppie: die koffie-masjien, die kaart by die bank, die komper: ons wil net knoppies druk en alles gebeur *outomaties.* So word ons gemoed geaffekteer, en ons wil nie meer tyd neem om te wag op die Here nie - ons het net nie tyd nie! Ons wil hê die Here moet deel word van ons outomatiese eeu waar daar nie tyd is vir WAG nie. Onthou een belangrike feit. **Die vyand sal enige iets doen sodat die beloftes van die Here nie in jou lewe bewaarheid word nie**. Hy sal die berg beset en vir jou die groot reuse wys en jy sal moedeloos word en kyk na jou eie krag en nooit jou erfenis in besit neem nie! Kaleb het die geheim geken: hy het op die Here gewag en het niks hom van stryk laat bring nie. Jy sal fisiese krag nodig hê om jou berg in besit te neem, en jy sal slegs jou krag kan omruil vir die Here se krag wat die reuse taak sal kan uitvoer, as jy op Hom wag.

Jes. 40 sê dat diè wat op die Here wag *bonatuurlike* krag sal ontvang: hulle sal opvaar met vleuels soos die van arende, hulle sal hardloop en nie moeg word nie; hulle sal wandel en nie mat word nie. M.a.w. die krag om te oorwin sal daar wees. Het jy ooit al gelet op wat Heb. 11:11 sê van Sara, ou vader Abraham se vrou? **Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.**

Sara was oor die honderd jaar oud toe sy bevrug geraak het en Isak gebaar het. Haar natuurlike liggaam was lankal nie meer in staat tot hierdie prosesse nie: sy het 'n wonderwerk nodig gehad! **Deur die geloof het Sara self ook KRAG ontvang om bevrug te word….** Dink hoeveel fisiese krag het 'n vrou se liggaam nodig om 'n kind vir 9 maande te dra en te voed, en dan te baar! Sara kon dit net doen deur Goddelike energie, wat sy ontvang het deurdat *sy op die Here gewag het!* Vir ongeveer 25 jaar moes sy en Abraham wag dat die Here se belofte van 'n erfgenaam sou manifesteer. Hulle het begeer, hulle het volhard, hulle het gewag, en Hy het die wonderwerk laat gebeur!

As JY daardie wonderwerk wil belewe, daardie berg wil neem, daardie reuse wil verdryf, sal JY op die Here moet wag: die kortpaaie is doodloopstrate!

Maar ek wil vir jou nog iets vertel van Kaleb. Dit staan in **Jos. 14:8: . . . . terwyl ek volgehou het om die Here my God te volg.**

Omdat hy die Here heeltemal gevolg het, het Kaleb heeltemal oorwinning gehad! M.a.w. Kaleb was geheel-en -al aan die Here toegewy en oorgegee. Hy was heeltemal toegewy aan Sy beloftes. Só was Kaleb! Hy het nie verdeelde begeertes of verdeelde doelstellings gehad nie. Ongelukkig is daar in ons tyd baie, baie Christene wat

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg op Bl. 6 - Gee my dan hierdie bergland)
verdeelde harte het. Dawid het uitgeroep: **. . . . verenig my hart tot die vrees van U Naam** (Psl. 86:11)

Hy het geweet dat hy nie die Here kan dien met 'n *verdeelde* hart nie. Tog loop ons rond met verdeelde harte: ons wil die Here en Sy beloftes hê, maar ook darem nog van die wêreld. Ons begeerte is na die Here, maar ook na mense en hulle wense, al is dit teenstrydig met Sy Woord. Só was Kaleb nie. Hy was onverdeeld oor die dinge van die Here: Hy het blindelings geglo wat die Here belowe het, en die Woord van die Here was nommer een in sy lewe: en gehoorsaamheid daaraan. Dis die plek waar JY sal moet kom as jy jou berg wil in besit neem!

Reeds in Num 13:30 het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: **Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.** Kaleb het die Here volkome vertrou vir oorwinning. Sy Hart was onverdeeld op Hom, van die begin af. Daarom het Hy aan hom belowe: **My kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem.** (Num 14:24) 'n Belangrike aspek van Kaleb se onverdeelde navolging van die Here, is dat hy dit ook laat blyk het deur die woorde van sy mond.

As jy let op Num. 13:30, Num. 14:7,8 en 9, en Jos. 14:6 tot 12 sal jy merk dat Kaleb elke keer dit gesê het wat die Here wou gehad het dat hy moet sê. Hy het deur- gaans, opbouend en bemoedigend gepraat en só sy geloof bely wat oor die jare stand gehou het. Hy het nie vir een oomblik geweifel nie. Toe al die ander om hom begin twyfel het en negatiewe dinge kwyt raak, was Kaleb se woorde steeds in lyn met die Woord van die Here. Waarom? omdat sy hart onverdeeld toegewy was aan Sy Woord. Hy het net bloot *geglo* wat die Here gesê het. Dis só eenvoudig, maar tog sukkel selfs Christene daarmee. Nou staan die saak só: óf wat die Here sê is die waarheid, óf Hy is 'n leuenaar. Of Hy bedoel wat Hy sê, óf Hy praat uit twee monde.

Deur Sy Wonde is ons genees: dis of die waarheid, óf dis leuens. Daar is nie 'n middelpad nie: dis nie soms waar en soms leuens nie! Ons moet by die plek van onwrikbare oortuiging kom waar ons kan sê: "Ek ken die karakter van die Here: Hy is nie 'n mens dat Hy kan lieg nie. Ek glo Sy beloftes ongeag wat alles om my vir my sê: ongeag my verstand, omstandighede, vriende. Ek kan Sy beloftes glo want ek weet die Here kan nie lieg nie."

Kaleb het 'n intieme omgang met die Here gehad en daarom het hy Sy karakter geken – hy het dus nooit aan Sy beloftes getwyfel nie. Dis wanneer JY intieme omgang met die Here het, Sy karakter ken, wat jy met vrymoedigheid Sy beloftes in jou hart neem en op jou lippe plaas, al lyk dinge om jou só verkeerd. Dan kyk jy weg van die berg, die reuse en jy sien die Here, en Sy Woord is vir jou die onomstootlike waarheid.

Ek weet jy het al baie gelees oor die woorde van jou mond en watter mag dit in jou lewe het, maar ons moet vir eens en vir altyd besef dat ons 'n keuse het i.v.m. die woord van ons mond. Wanneer ons in ooreenstemming is met die Here, kan Hy werk in ons omstandighede.

Let op Kaleb. Alhoewel hy 85 jaar oud was en fisies kragteloos was om die berg te beset en die reuse te verjaag het sy woorde steeds in ooreenstemming gebly met die Here, selfs al het almal die teenoorgestelde gesê. Hy het só gepraat toe hy 40 was en nooit van hierdie belydenis afgewyk nie en uiteindelik kon hy die berg Hebron sy eie maak.

Belydenis betekenis is eenvoudig. Dis bloot om "dieselfde te sê." As jy genesing, voorspoed, vrede, vreugde, oorwinning, vrymaking, of sukses wil ondervind, sê dieselfde as wat die Here sê. Bly by die Woord al is jy hoe swak, al het jy baie kere misluk. Volg Hom volkome en jy gaan 'n volkome oorwinning hê. Dis tog wat die beloftes van die Here sê, en wat waar was vir Kaleb, is waar vir jou – want Hy verander nooit! Sy beginsels verander nooit.

(Vervolg op Bl. 8)

uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Nou is dit die tyd vir ons om op te staan en getel te word soos die koms van die Here Jesus Christus nader kom. Jesus het in **Luk. 18:8 gesê..... maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?** Sal Hy die geloof vind om Hom in die wanhopige tye te onthou en te glo dat Hy steeds dieselfde God is wat die Rooi See gekloof het vir die Israeliete om deur te gaan?! Hy is steeds dieselfde God wat die leeus se bekke gesluit het vir Daniël en wat Sadrag, Mesag en Abednego uit die geweldige vuur gered het, sonder dat hulle na rook geruik het! Ja, mag Hy geloof in Sy mense vind, maar mag Hy ook GETROUHEID vind! Dit is die tyd om te volhard en te verduur tot die einde met vuur in ons gebeente! Dit is waarom hierdie maand se boodskap gaan oor die geloof, moed, onbeskaamdheid en volharding van Josua en Kaleb – lees dit en word weereens geïnspireer om Hom met jou hele hart te dien totdat Hy kom om ons te haal!!!

Ons herinner diegene van julle wat nog nie jul nuusbrief hernu het om dit asseblief so gou moontlik te doen. Baie dankie!!

Ons innige en opregte dank aan julle vir jul liefdevolle ondersteuning en gebede, ons weet dat die Here in al julle behoeftes sal voorsien soos julle Hom in elke area van jul lewe vertrou, omdat **HY** altyd **GETROU** is. Wees verseker van ons liefde, ons dankbaarheid en ons gebede vir julle.

Met baie liefdegroete

Dr James

NEW BOOK AVAILABLE– "Are you ready?"

Most people on earth since the beginning of time, primitive or cultured have conjured in their minds by make believing who God is and what God is. To worship something or someone is inherent in man. This is named religion and all religions have their very learned men and professors to educate them in their religion. It is thus very difficult to bring the absolute and proven truth to man. Once this very truth has been revealed and is established in its simplicity and reality, removing all the mysticism. It is essential to consider all the evidence before making a final decision. Read this book at least four times to have a full understanding. Jesus personally was unable to establish this truth to the Sanhedrin or Pharisees during three years of teaching and paid with His life also Paul and the apostles paid with their lives for teaching this truth, and this truth divided and confused the Body of Christ for 2000 years.

"What's the World coming to" - M24
"Wat gaan met hierdie wêreld aan?"- M26

(Vervolg vanaf Bl 7 - Gee my dan hierdie bergland...)
Hulle is *ewige* beginsels. Hulle is die *enigste* beginsels waarvolgens jy sal oorwin, waarvolgens jy jou berg sal kan beset en die reuse verdryf.

Jy kan ook soos Kaleb wees, afgesien van hoe oud jy is. 'n Christen kan nooit "aftree" nie. So baie mensies berei hulleself hulle hele lewe lank voor vir hulle "aftree-tyd", dan gaan hulle terugsit, ontspan. Party van ons beplan vir die dag wat ons gaan niks doen nie. Nee wat geliefdes, al is jy 85 of ouer, daar lê baie werk voor in die Here se oeslande en Hy gee mos nuwe krag. Die Bybel sê dat jy in jou ouderdom nog sal vrug dra Psl. 92:15 maar net as JY WIL! Jy kan steeds aktief bly vir die Here, produktief wees in die Koninkryk van Jesus. Wanneer jy dan "aftree" van jou sekulêre werk, is dit "aantree" vir Jesus Christus. Jy kan steeds 'n Kaleb wees en berge beset en reuse verjaag en geweldig baie beteken vir jou medemens.

My skoonmoedertjie wat op die ouderdom van 90 jaar oorlede is, het 20 jaar by ons gebly. In 1971 het sy gevorderde kanker gehad, en die Here Jesus het haar volkome genees! Sy was oor al die jare 'n ware Kaleb: ywerig vir Jesus. SY HET OP HOM GEWAG!! Sy was vol geduld en het daagliks haar kragte vir die Here se Krag omgeruil. Snags het sy ure lank gebid, en ons by die Sentrum se arms omhoog gehou – só was sy 'n medearbeider om berge te beset en die vyand te verdryf. Sy het verskeie administratiewe werkies vir die bediening gedoen, en het geen gedagte aan "aftree" gehad nie! Laat haar voorbeeld vir ons almal 'n bemoediging wees. Daar is sekerlik vir jou, liewe Tannie en Oom, só 'n plekkie van aktief wees by jou kerk. Bied jou dienste aan by jou leier: hy sal sekerlik baie bly wees. Ten slotte wil ek net sê dat hierdie voorbeeld wat Kaleb vir ons stel sekerlik ook spreek tot ons omstandighede as burgers van hierdie mooi land, en veral tot ons wat lede is van die Liggaam van Christus, Sy Ewige Kerk. (Dit sluit elke wedergebore, Kind van die Here in): Ons het 'n berg in hierdie land: ons moet dit in besit neem. Geweld, rebellie – ons moet die reuse gaan verjaag en die vestings van die vyand omverwerp. Ons moet die land in besit neem vir Jesus Christus wat spoedig kom! Maar dit kan slegs gedoen word deur 'n Kerk wat onverdeeld die Here dien en volg, op hom wag, Sy Krag ontvang i.p.v. ons eie en Sy Woord in ons hart en op ons lippe het. Moenie kyk na jou jare nie, moenie kyk na jou omstandighede nie, maar, soos Kaleb intiem met die Here gewandel het, doen jy dit ook, en jy sal jou berg in besit neem en jou vyande verdryf. Jy sal met ywer en moedigheid kan uitroep: .....**gee my dan nou hierdie bergland** …. □